

Enkele opmerkings oor Christologiese Skrifinterpretasie as hermeneutiese sleutel van die Nuwe Testamente skrywers¹

G J Steyn

Student, Departement Nuwe Testament

Universiteit van Pretoria

ABSTRACT

Some remarks on the Christological interpretation of Scripture as hermeneutical key of New Testament authors

Some remarks are made in the following article regarding the christological use of Scripture by the early christian writers. It is argued that the origin of this approach was found by the New Testament writers in Christ's own interpretation of these Scriptures. Acts 8:26-40 is used as an example of how a "different" meaning was given. It is further stated that the early christian writers could easily bridge the gap to Jesus of Nazareth being the Lord and Messiah with terminology in the LXX which lends itself to this purpose. After indicating personal preferences for and/or accessibility of some of these Scriptures, the article concludes that the early christian writers continued the tradition that these Scriptures were God's word and authoritative, but they interpreted them christologically.

1 INLEIDING

'n Deurlopende behoefte het deur die eeue ontstaan vir die interpretasie van die "heilige skrifte" van die Jodedom². Aangesien hierdie tekste beskou was as die ewige en gesagvolle boodskap(pe) van God, was dit telkens nodig om dit met verloop van tyd nuut te interpreteer vir die mense van daardie tyd binne hulle eiesoortige omstandighede. Hierdie interpretasies het dus simptomaties geword van die tyd en konteks van die mense aan wie dit gerig was. Die interpretasies was somtyds eenvoudig net op linguistiese probleme gerig³. Ander kere weer, was die interpretasies dogmaties-konfessioneel van aard. Feit is, die interpretasie van die "Skrifte" wat oorgeërf was van die Jodedom, het belangrik gebly vir die vroeë Christene. Dit het beteken dat die vroeë Christendom in hierdie opsig nie van ander Joodse groepe verskil het nie⁴.

Ten tye van Paulus, wie se geskrifte van die oudste in die Nuwe Testament verteenwoordig, kon reeds gesien word hoedat 'n klemverskuiving in die interpretasie van die Joodse "Skrifte" plaasgevind het⁵. Hy het

daarop gewys dat hierdie antieke Skrifte nie reg verstaan word as dit apart van Christus en sy Gees gelees word nie⁶. Ons lees byvoorbeeld in 2 Korintiërs 3:12-17: “Omdat ons hoop hierop gevestig is, tree ons met groot vrymoedigheid op. Ons is nie soos Moses wat sy gesig met ’n sluier toegemaak het nie. Dit moes hy doen om te verhinder dat die volk van Israel sou sien dat die ligglans aan die verdwyn was. Hulle verstand was ook toe, en vandag nog bly hulle verstand met dieselfde sluier toegemaak as hulle die Ou Testament lees, maar die sluier word deur Christus weggeneem vir iemand wat in Hom glo. Maar vandag nog, elke keer as die wet van Moses voorgelees word, is daar ’n sluier oor hulle verstand. Van Moses sê die Skrif egter: ‘Elke keer as hy hom na die Here wend, word die sluier weggeneem’. ‘Die Here’ beteken hier ‘die Gees’, en waar die Gees van die Here is, is daar vryheid”.

Ons lees dus by Paulus van Christus deur wie die “sluier wegge-
neem” word “vir iemand wat in Hom glo” wanneer die Ou Testament gelees word. Hierdeur word dit duidelik dat dieselfde Skrifte wat deur die Judaïsme op ’n bepaalde manier gebruik en verstaan was, alleen reg verstaan kon word as hulle vanuit ’n christologiese hoek gelees word.

2 CHRISTOLOGIESE INTERPRETASIE: OORSPRONG IN CHRISTUS SE EIE INTERPRETASIE

Volgens die Nuwe Testamentiese skrywers is die christologiese skrifinterpretasie aan die vroeë kerk deur Christus self gegee. Lukas⁷, byvoorbeeld, toon aan dat Jesus self die Skrifte op hierdie bepaalde manier verduidelik het (Luk 24:26-27): “‘Moes die Christus nie hierdie dinge ly om in sy heerlikheid in te gaan nie?’ Daarna het Hy by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê”. Jesus se dood en opstanding was deel van God se plan en voorkennis (Hand 2:23) en van sy belofte (Hand 2:39). Dit word geïmpliseer dat die hoorders (lesers) dit nie geweet het nie, maar deur die Skrifte deur die Gees van God te interpreteer, is dit aan hulle duidelik gemaak dat hierdie woorde van God was wat vervul moes word (Hand 1:16)⁸. Die vroeë christenskywers, hier spesifiek die Nuwe Testamentiese skrywers, het dus die verlede gekonsulteer ten einde die “program” vir die toekoms te vind, dit wil sê, “God se plan”⁹.

3 HANDELINGE 8:26-40

In Lukas se tweede werk, die Handeling van die apostels, funksioneer hierdie christologiese skrifinterpretasie van die Joodse Skrifte baie

prominent. 'n Mens sou byna so ver kon gaan om te sê dat Filippus gestuur word om hierdie nuwe manier van skrifinterpretasie nie net toe te pas nie. maar ook deur te gee aan die gelowige Afrikaan wat oppad terug na Afrika is. Hierdie Afrikaan was waarskynlik die finansiële bestuurder van die koninkryk van Etiopië (Nubië), 'n ryk wat aan die oewers van die Nyl-rivier gelê het en wat vandag waarskynlik geïdentifiseer word met Soedan¹⁰. Volgens Bruce, was die koning van Etiopië beskou as kind van die son en beskou as 'n té heilige persoon om die sekulêre funksies van die koninkryk uit te voer. Hierdie take is in sy plek deur die koningin-moeder uitgevoer, wat die dinastiese titel “Kandake” gehad het¹¹. Die spesifieke geldbestuurder waarvan ons in Handeling 8 lees, was waarskynlik 'n gelowige wat in die God van Israel geglo het, na Jerusalem gekom het om te aanbid en nou oppad terug was (Hand 8:27-28). Volgens sy titel “hofdienaar” (Engels: *eunuch*), het hy aan 'n groep van spesiale staatsamptenare behoort wat gekastreer was ten einde nie 'n bedreiging vir die harem van die koning te wees nie. Maar diesulkes, naamlik diegene wat steriel was, was toegang tot die tempel in Jerusalem deur die Joodse wet geweier (Deut 23:1). Lukas teken die situasie dan waarskynlik dat die indruk gewek sou kon wees dat hierdie hofdienaar bedruk was deur die eise van hierdie wette wat hom van hierdie plek van aanbidding uitgesluit het. Hy was waarskynlik bedruk deur die onherstelbare skade wat hy saam met hom dra deur die toedoen van sy toegewydheid aan sy eie regering. Met hierdie agtergrond maak dit sin dat hy uit die Jesajarol lees. Veral binne die breër konteks van hierdie gedeelte staan daar dat die Here sê: “'n Nie-Israeliet wat by die volk van die Here aangesluit het, moenie dink: die Here sal my van sy volk afsny nie. 'n Ontmande moenie van homself dink: ek is maar 'n droë boom nie. So sê die Here: Aan die ontmandes wat my sabbatte onderhou, wat kies vir wat Ek wil, en wat lewe volgens my verbond, aan hulle sal Ek in my tempel en aan sy mure 'n teken gee, 'n erenaam wat beter is as seuns en dogters. Ek sal aan sulke mense 'n naam gee wat nie uitgewis sal word nie” (Jes 56:3-5). Die aangehaalde gedeelte in Handeling 8:32-33 (Jes 53:7-8) verwys na 'n dienaar van God wat alle soorte vernedering ondergaan en die gevolge van die sonde van ander moet verdra; hy ondergaan dus 'n sekere soort vergelding vir hulle sondes maar word uiteindelik deur God verhoog¹².

Gesien vanuit die konteks en omstandighede van die hofdienaar, pas die breër konteks van Jesaja 53-56 baie goed by sy persoonlike omstandighede in. Die ooreenkomste is ooglopend tussen elemente uit hierdie skrifgedeelte en sy eie lewenssituasie. Tog, wanneer Filippus hom vra of hy verstaan wat hy lees, kom die verrassende antwoord: “Hoe sou ek kon

as niemand dit vir my uitlê nie?” (Hand 8:31). Filippus gebruik dan hierdie geleentheid om dieselfde skrifgedeelte op Christus van toepassing te maak, dit wil sê, christologies¹³. Die interpretasie van die profetiese skrifwoord verskaf aan Filippus die geleentheid om vir hierdie vreemdeling die evangelie, die goeie nuus, aangaande Jesus Christus mee te deel¹⁴. Lukas pas dus hier die algemene beginsel toe waarvolgens die Joodse Skrifte nie ten volle verstaan kan word sonder dat 'n spesifieke interpretasie daaraan toegeskryf word nie. “It needs a key to unlock the doors of its mysterious sayings. Jesus had provided such a key for the disciples (Luk 24:25-27, 44-47)”, sê Marshall¹⁵. Volgens Lukas het Jesus ook immers op hierdie wyse vir die Emmausgangers die Skrifte uitgelê. Ook toe die elf dissipels bymekaar was, het Jesus dit herhaal: “Daarna sê Hy vir hulle: ‘Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is’. Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan. Verder sê Hy vir hulle: ‘So staan daar geskrywe: Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder’” (Luk 24:44-47).

Volgens Lukas dan, het Christus self hulle verstand “geopen” om die Skrifte op hierdie christologiese wyse te verstaan. Hierdie sleutel tot die verstaan van die Skrifte word nou oorgedra na die res van die wêreld, insluitende Afrika (Hand 8).

4 JESUS VAN NASARET IS DIE *KURIOS* VAN DIE LXX

Die vroeë kerk het dus ontstaan en ontwikkel in 'n situasie waar die Skrifte as belangrik en gesaghebbend gesien was, in so 'n mate dat die geskiedenis van die vroeë Christendom 'n geskiedenis geword het wat sentreer het rondom die Skrifte as bron van God se openbaring. Dit was hoofsaaklik te wyte aan die Judaïstiese agtergrond van die vroeë Christendom, sowel as aan die nuwe manier van skrifinterpretasie - 'n christologiese interpretasie wat gebaseer en gegrond was op Jesus en die apostels se interpretasie. Geen wonder nie dat Bromiley dit soos volg opsom: “From the very beginning, then, they (Jesus and the apostles, *GJS*) gave Holy Scripture to the infant church and taught the first believers, both Jews and Gentiles, to accept, read, study, revere, quote, and commend it as the written Word of God”¹⁶.

Deur hierdie Skrifte te gebruik kon die kerk telkens deur die eeue haar dogmas formuleer binne haar eie tyd en plek gebonde konteks, en kon

die kerk al diegene as “kettters” verwerp wat durf waag het om van haar interpretasie te verskil. Dit het gou duidelik geword: Hierdie Skrifte kon slegs op ’n bepaalde manier verstaan en geïnterpreteer word ten einde die Christendom se behoefte te vervul met ’n christelike norm vir hulle deur ’n ander manier van interpretasie as dié van die Judaïsme¹⁷. Die voorbeeld van die Griekse woord *Kurios* bly nog steeds in hierdie verband ’n goeie voorbeeld. In die LXX is dit gebruik as vertaling vir die Hebreuse “Jahwe”. Maar die Christene kon nou ewe gemaklik telkens *Kurios* in hulle Skrifte (feitlik uitsluitlik die LXX), interpreteer as verwysende na Jesus van Nasaret, wat “*Kurios* en Christus gemaak is deur God” (Hand 2:36).

Van uiterste belang hier is die feit dat die Nuwe Testamentiese skrywers hulle geskifte gerig het aan hulle lesers vanuit die oortuiging dat die historiese persoon, Jesus van Nasaret, inderdaad die beloofde Messias van die Skrifte was (tegnies gesproke dus ’n eskatologies-profetiese perspektief), asook dat hy inderdaad die Seun van God was. Die begin van Markus se evangelie is in hierdie opsig baie duidelik: “Die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God,...” (Mark 1:1). Die betekenis van “evangelie” in die LXX was die noue vervulling van die belofte van die regerende Messias (Jes 40:9; 52:7; 61:1; Nah 1:15). “Christus” is die Griekse vertaling van die Hebreuse woord vir Messias. Markus begin sy evangelie dus vanuit die belydenis dat Jesus hierdie Messias is. Hy identifiseer hom met Jesus van Nasaret, as die Seun van God. Direk ná hierdie belydenis in Markus 1:1 volg ’n gekombineerde aanhaling uit Maleagi en Jesaja wat geïnterpreteer word in terme van die bediening van Johannes die Doper as die voorloper of boodskapper wat “die pad vir die Here gereed maak” (Mark 1:2-3). Die eerste gedeelte van die aanhaling (van Mal 3:1) word gevind in twee van die ander evangelies (Matt 11:10; Luk 7:27), terwyl die tweede deel van die aanhaling (Jes 40:3) ook gevind word in twee ander evangelies (Luk 3:4; Joh 1:23). Dit dui waarskynlik daarop dat hierdie ’n bekende en algemeen gedeelde aanname was in terme van die interpretasie van hierdie aanhaling rondom die bediening van Johannes die Doper.

Jesus was dus gesien en verstaan as die “loot uit die stam van Isai” en as die “erfgenaar van die troon van Dawid” (Luk 1:32). Iets wat nie hier misgekyk moet word nie, is dat dit steeds God self bly wat Jesus aangedui het as hierdie *Kurios* (Here) en as Messias (Christus) (Hand 2:36).

Maar daar was ’n ernstige probleem om te verduidelik vir diegene wat Jesus nie geken het nie: Waarom moes hy sodanige teregstellende dood

sterf, wat was die betekenis hiervan, en wat het nou van hom geword? Dit is op hierdie punt dat die dissipels deur die evangelieskrywers aangebied word as gesagvolle getuies van Jesus se opstanding. In die toesprake van Petrus en die ander, insluitende Paulus, word byvoorbeeld volgens Handeling uit die monde van hierdie gesagvolle getuies vertel dat Jesus opgestaan het en verheerlik is. Nie net deur dit wat hulle sê nie, maar ook deur hulle verduidelikings en interpretasies van die Skrifte kan hulle aantoon (met aanhalings en verwysings uit gedeeltes na God se direkte rede in die Skrifte as gesagvolle getuienis) dat hierdie dinge sou gebeur en dat dit alles deel was van “God se plan”. Dit is ’n misterie wat aan al die apostels openbaar gemaak is (2 Kor 3:2-16).

5 DIE SELEKSIE “BEWYSMATERIAAL”

’n Sekere versameling dokumente van hierdie Skrifte het hulleself beter aangebied as ander om as “duiders” te dien van dit wat met die “Messias” sou gebeur. Die rolle van die Tora, die Psalmrol, Jesajarol en dié van die klein profete is meer dikwels gebruik as die res. Dit onderstreep aan die een kant die gesag wat hierdie spesifieke Skrifte gehad het, en aan die ander kant die persoonlike voorkeure (of beskikbaarheid hiervan) deur ’n bepaalde skrywer. In Lukas se versameling aanhalings, byvoorbeeld, word die sogenaamde vyf feesrolle (Rut, Hoogl, Pred, Klg, Est), asook Job, Spreuke en die “geskiedenisboeke” (Esr, Neh, Kron) nie ingesluit nie. Hy fokus meer op die “profetiese” materiaal. Die Jesajarol staan kop en skouers bo die res uit as die dokument wat die meeste deur die skrywers van die Nuwe Testament gebruik word. Vergelyk maar net die volgende: (a) Jesus interpreteer dit ten opsigte van homself (Luk 4:21); (b) die rol van Johannes die Doper (Mark 1:2-3; Matt 3:2; Luk 3:4-6; Joh 1:23) en (c) die Etiopiër se lesing hieruit en Filippus se (her?)interpretasie (Hand 8:28,32-33).

6 SAMEVATTING

Die Joodse Skrifte was as niks anders nie gesien as God se eie gesagvolle en ewige woorde as God se eie boodskap. Hierdie aanname was oorge- neem deur die vroeë Christene, maar is deur hulle op ’n ander manier geïnterpreteer naamlik op ’n christologiese wyse. Jesus se eie aanname en gebruik van die Skrifte, soos aangebied deur die evangelieskrywers, is ’n duidelike aanduiding van hierdie “nuwe lesing” of interpretasie van dieselfde Joodse Skrifte. Die apostels, en veral Paulus, het op hierdie

tradisie van skrifinterpretasie voortgebou, met die vroeë kerk wat in hulle spore gevolg het. God se “verborge plan”, ’n boodskap van verlossing vir die hele mensdom deur die lyding van Jesus as die Christus, was verkondig aan die mense van hierdie tyd binne hulle eie geografiese, politiese en kulturele konteks. Hierdie Joodse Skrifte was nog steeds gesien as “God se woord”, wat eers opgeteken was in die Tora, en waarby later die profete toegevoeg is. Die rol van God se openbaring en die voortdra van hierdie tradisie was dus oorgeneem van die Judaïsme deur die vroeë Christendom. God se boodskappers, voorheen die profete, en nou die grondleggers van die Nuwe Testamentiese kerk, het die gesagvolle gesante geword wat nou kon praat in die Naam en outoriteit van God self. Hulle het hierdie nuwe manier van skrifinterpretasie van Christus self ontvang. In die ontwikkeling van die Nuwe Testamentiese dokumente, was die sentrale boodskap wat bevat is in die talle aanhalings, verwysings en die algemene gebruik van material uit die Joodse Skrifte, om die mense van daardie tyd te oortuig dat die historiese persoon, Jesus van Nasaret, inderdaad die beloofde Messias was, die afstammeling van Dawid wat beloop en verwag was deur al die eeue volgens die verstaan van hierdie Joodse Skrifte. Dieselfde Skrifte is dan gebruik om sy dood, opstanding en verheerliking sowel as die “vertraging” van sy wederkoms te verduidelik. Hierdie Skrifte is dus primêr gelees vanuit ’n christologiese perspektief, en tog gelykertyd geïnterpreteer op ’n profeties-eskatologiese wyse.

NOTAS:

- 1 Hierdie artikel is ’n voortvloeiende uit navorsing oor die gebruik van “die” LXX in die Handeling van die Apostels en wat onderneem is vir ’n doktorsale proefskrif in die Departement Nuwe Testament, Fakulteit Teologie (Afdeling B), aan die Universiteit van Pretoria.
- 2 ’n Handige oorsig oor enkele metodes van skrifuitleg kan in baie studies gevind word. Een so ’n voorbeeld is dié van F E Deist & J J Burden, *An ABC of Biblical Exegesis*, Pretoria 1987.
- 3 Vergelyk J L Kugel, *Early Interpretation: The Common Background of Late Forms of Biblical Exegesis*, in: J L Kugel & R A Greer (eds), *Early Biblical Interpretation. (Library of Early Christianity 3)*, Philadelphia 1986, 9-106, 31.
- 4 Vergelyk W A Meeks, *Foreword to Early Biblical Interpretation: Two Studies of Exegetical Origins*, in: J L Kugel & R A Greer (eds), *Early Biblical Interpretation. (Library of Early Christianity 3)*, Philadelphia 1986, 7-8.
- 5 Sien byvoorbeeld die studies van E E Ellis, *Paul’s Use of the Old Testament*. Edinburgh 1957; D A Koch, *Beobachtungen zum christologischen Schrift-*

gebruik in den vorpaulinischen Gemeinden, *Zeitschrift für die Neutestamentliche Wissenschaft* 71 (1980), 174-191; D A Koch, *Die Schrift als Zeuge des Evangeliums. Untersuchungen zur Verwendung und zum Verständnis der Schrift bei Paulus (BHTh 69)*, Tübingen 1986.

- 6 Vergelyk D Moody Smith, The Use of the Old Testament in the New, in: J M Efrid (ed), *The Use of the Old Testament in the New and Other Essays. Studies in honor of William Franklin Stinespring*, Durham 1972, 3-65, 39.
- 7 Een van die bekendste werke op hierdie terrein is steeds dié van M Rese, *Alttestamentliche Motive in der Christologie des Lukas*, Gütersloh 1969.
- 8 Sien byvoorbeeld die sogenaamde vervullingsitate in die Matteus-evangelie.
- 9 Kugel, *a w*, 1986, 37.
- 10 Vergelyk I H Marshall, *The Acts of the Apostles: An Introduction and Commentary (Tyndale New Testament Commentaries)*. Leicester 1988, 162.
- 11 Vergelyk F F Bruce, *The Book of the Acts (Rev Ed) - (NICNT)*, Michigan 1989, 175.
- 12 Marshall, *a w*, 163.
- 13 Vergelyk H C Kee, *Good News to the Ends of the Earth. The Theology of Acts*. London 1990, 34.
- 14 Kee, *a w*, 100.
- 15 Marshall, *a w*, 163.
- 16 Vergelyk G W Bromiley, The Church Fathers and Holy Scripture, in: D A Carson & J D Woodbridge (eds), *Scripture and Truth*, Grand Rapids 1983, 199-220.
- 17 Sien byvoorbeeld: E E Ellis, The Old Testament Canon in the Early Church en *idem*, Biblical Interpretation in the New Testament Church, in: M J Mulder (ed), *Mikra. Text, Translation, Reading and Interpretation of the Hebrew Bible in Ancient Judaism and Early Christianity (CRINT II 1)*, Philadelphia 1988, 653-690, 691-725; D S Ferguson, The classical approach: Origen and the allegorical method, in: *Biblical Hermeneutics. An Introduction*, Atlanta 1986, 133-203; Grant, *A Short History of the Interpretation of the Bible*, London 1963; H Mulder, Geschiedenis van de exegese van oude en nuwe testament deur de eeuwe heen, in: H Baarlink *et al*, *Bijbels Handboek (Deel III)*, *Nieuwe Testament*, Kampen 1987, 518-539; J B Rogers & D K McKim, *The authority and interpretation of the Bible - A historical approach*, San Francisco 1979.